# OMSETBELASTING

## Wat is dit?

Omsetbelasting is 'n vereenvoudigde stelsel daarop gemik om dit makliker te maak vir mikrobesighede om hul belastingverpligtinge na te kom. Die omsetbelastingstelsel vervang inkomstebelasting, BTW, voorlopige belasting en dividendebelasting vir mikrobesighede met 'n kwalifiserende jaarlikse omset van R1 miljoen of minder. 'n Mikrobesigheid wat vir omsetbelasting geregistreer is kan egter kies om in die BTW-stelsel te bly (vanaf 1 Maart 2012).

Omsetbelasting word bereken deur 'n belastingkoers toe te pas op die belasbare omset van 'n mikrobesigheid. Die koerse is van toepassing op enige jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat eindig op 28 Februarie 2018:

| Omset (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 - 335 000 | 0% |
| 335 001 - 500 000 | 1% van elke R1 bo 335 000 |
| 500 001 - 750 000 | 1 650 + 2% van die bedrag bo 500 000 |
| 750 001 en hoër | 6 650 + 3% van die bedrag bo 750 000 |

**Tabel 1: Omsetbelastingkoerse vir enige jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat eindig op 28 Februarie 2018.**

## Vir wie is dit?

Mikrobesighede met 'n jaarlikse omset van R1 miljoen of minder. Die volgende belastingpligtiges kan moontlik kwalifiseer:

- Individue (alleeneienaars)
- Vennootskappe
- Beslote korporasies
- Maatskappye
- Koöperatiewe

## Hoe om te registreer?

Om vir omsetbelasting te registreer:

- Doen 'n vinnige toets om te sien of jy vir omsetbelasting kwalifiseer
- Vir meer inligting oor hoe om te registreer

## Hoe om te betaal?

Daar is drie betaaldatums:

- Eerste betaling is in die middel van die belastingjaar op die laaste werksdag van Augustus, bv. 29 Augustus 2014 op die TT02 - Payment Advice for Turnover Tax-vorm
- Tweede betaling is aan die einde van die belastingjaar op die laaste werksdag van Februarie bv. 27 Februarie 2015 op die TT02 – Payment Advice for Turnover Tax-vorm
- Finale betaling is na die jaarlikse TT03 - Turnover Tax Return ingedien en geprosesseer is Die indiening van TT03-omsetbelastingopgawes is in lyn met die indiening van die jaarlikse inkomstebelastingopgawes, tussen 1 Julie en 31 Januarie van die volgende jaar.

Klik hier vir meer inligting oor hoe om te betaal en in te dien.

## Watter rekords moet behou word?

'n Groot voordeel van omsetbelasting is die verminderde rekordbewaringsvereisters. Die volgende rekords moet behou word:
1. Rekords van alle bedrae ontvang;
2. Rekords van dividende verklaar;
3. 'n Lys van elke bate met 'n kosprys van meer as R10 000 teen die einde van die jaar van aanslag asook 'n lys van laste wat R10 000 oorskry.

Om rekening te hou van die tipiese uitgawes aangegaan deur 'n mikrobesigheid, en om die behoefte aan gedetaileerde rekordbewaring van aftrekbare belastinguitgawes uit te skakel, is die omsetbelastingkoerse aansienlik laer as die belastingkoerse ingevolge die standaard belastingstelsel.

Die volgende sal jou help met jou rekordbewaring:

- Rekordbewaringswerkboek vir individue en vennootskappe
- Rekordbewaringswerkboek vir beslote korporasies, maatskappye en koöperatiewe